(e) The employer of an apprentice referred to in paragraph (a) or (b) shall within seven days of the departure of the apprentice on training or service in terms of the Defence Act, 1957, or the Police Act, 1958, notify the Secretary of the Committee of such departure and likewise, within seven days after the apprentice returns from such training or service.

3. TECHNICAL STUDIES

(1) An apprentice who is not already in possession of at least the National Technical Certificate, Part II (N2), or other recognised equivalent or higher certificate, in subjects related to the trade in which he is indentured, shall attend technical classes relevant to such trade and in accordance with the syllabus prescribed for the National Technical Certificate, Parts I and II (N1 and N2), and shall attend such classes at a technical institution determined by the Department of Manpower in consultation with the Committee concerned: Provided that an apprentice shall, if required by the Department of Manpower, attend an introductory course conducted by a technical institution in preparation for the National Technical Certificate, Part I (N1).

(2) Where facilities for class attendance in any course or part thereof do not exist within 20 km of an apprentice's residence or within 20 km of his permanent place of work where attendance is required of him during ordinary working hours, he shall be required to take a correspondence course conducted by the RSA Technikon.

(3) Where facilities for technical class attendance exist, or where a correspondence course is taken, an apprentice shall in the year of engagement, or, if he is at that stage undergoing training or rendering service referred to in subclause (7), as soon as possible thereafter, enrol for technical class attendance or correspondence course studies as indicated by the South African Transport Services. These studies are compulsory in at least four subjects in the case of the Introductory Course and the National Technical Certificate, Parts I and II, (N1 and N2) or the minimum number of subjects prescribed for the integrated N1 and N2 courses, and shall as far as practicable take place during ordinary working hours, five days per week, by continuous full-time attendance of a group release course at a technical institution determined by the Department of Manpower in consultation with the Committee concerned, and where such facilities do not exist—

(a) one day per week for eight hours; or

(b) two days per week for four hours on each day:

Provided that class attendance shall not extend beyond 19h15.

(4) Technical classes or correspondence studies may be continued during the second or any subsequent year of study on the basis set out in subclause (3) on condition that an apprentice, at one course conducted during normal working hours, attains the certificate at the level for which he enrolled.

(5) Notwithstanding the provisions of subclause (1) an apprentice who is unable to attain the relevant certificate during the course of one academic year, as provided for in subclause (4), may either discontinue technical studies or pursue such studies voluntarily outside normal working hours and shall, on producing a full certificate on the level on which he previously failed, again be entitled to attend classes on a higher level during normal working hours on the basis provided for in subclauses (3) and (4).

(6) The provisions of subclauses (3), (4) and (5) are also applicable to an apprentice who is already in possession of the qualification referred to in subclause (1) or any other higher qualification and who voluntarily pursues studies relevant to the trade in which he is indentured.

(e) Die werkgever van 'n vakleerling in paragraaf (a) of (b) bedoel, moet die Sekretaris van die Komitee binne sewe dae na die vakleerling se vertrek vir opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, of die Polisie wet, 1958, in kennis stel van sodanige vertrek en, insgelyks, binne sewe dae na die vakleerling se terugkeer van sodanige opleiding of diens.

3. TEGNIESE STUDIES

(1) 'n Vakleerling wat nie reeds ten minste die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II (N2) of 'n ander erkende gelykwaardige of hoër sertifikaat in vakke wat betrekking het op die ambag waarvoor hy ingeboek is, besit nie, moet tegniese klasse bywoon wat op sodanige ambag betrekking het en ooreenkom met die leerplanne voorgeskryf vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Dele I en II (N1 en N2) en sodanige klasse moet bygewoon word by 'n tegniese inrigting wat deur die Departement van Mannekrag in oorleg met die betrokke Komitee bepaal word: Met dien verstande dat 'n vakleerling 'n inlywingskursus aan 'n tegniese inrigting moet volg, indien die Departement van Mannekrag dit vereis, ter voorbereiding van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I (N1).

(2) Waar fasiliteite vir die bywoning van klasse in enige kursus of gedeelte daarvan nie beskikbaar is nie binne 20 km van die vakleerling se woning of binne 20 km van sy permanente werkplek waar daar van hom vereis word om klasse gedurende die gewone werkure by te woon, moet hy 'n korrespondensiekursus volg wat deur die Technikon RSA aangebied word.

(3) Waar fasiliteite vir die bywoning van tegniese klasse bestaan, of waar 'n korrespondensiekursus gevolg word, moet 'n vakleerling in die jaar van indiensneming, of as hy in daardie stadium opleiding ondergaan of diens doen soos bedoel in subklousule (7), so gou moontlik daarna, inskryf om tegniese klasse by te woon of 'n korrespondensiekursus te volg, soos deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste aangedui. Hierdie studies is verpligtend ten opsigte van minstens vier vakke in die geval van die Inleidende Kursus en die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Dele I en II (N1 en N2) of die minimum getal vakke voorgeskryf vir die geïntegreerde N1- en N2-kursusse, en moet sover moontlik tydens gewone werkure en vyf dae per week by wyse van ononderbroke voltydse bywoning van 'n groepopleidingskursus geskied, by 'n tegniese inrigting wat deur die Departement van Mannekrag in oorleg met die betrokke Komitee bepaal word, en waar sodanige fasiliteite nie bestaan nie—

(a) een dag per week vir agt uur; of

(b) twee dae per week vir vier uur elke dag:

Met dien verstande dat bywoning van klasse nie later as 19h15 mag duur nie.

(4) Tegniese klasse of korrespondensiestudies mag voortgesit word gedurende die tweede of enige daaropvolgende studiejaar, op die grondslag uiteengesit in subklousule (3), mits 'n vakleerling by een kursus wat gedurende gewone werkure aangebied word, die sertifikaat verwerf vir die peil waarop hy ingeskryf is.

(5) Ondanks die bepalings van subklousule (1) kan 'n vakleerling wat nie in staat is om gedurende een akademiese jaar, soos bepaal in subklousule (4), die betrokke sertifikaat te verwerf nie, of ophou met sy tegniese studies, of ná gewone werkure vrywillig met sodanige studies voortgaan en is hy by voorlegging van 'n volle sertifikaat vir die peil waarop hy voorheen gedruip het, geregtig om weer klasse op 'n hoër peil gedurende gewone werkure by te woon op die grondslag soos in subklousules (3) en (4) bepaal.

(6) Die bepalings van subklousules (3), (4) en (5) is ook van toepassing op 'n vakleerling wat reeds die kwalifikasie waarvan in subklousule (1) melding gemaak word, of enige ander hoër kwalifikasie besit en vrywillig voortgaan met studies wat van toepassing is op die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(7) An apprentice who, because of absence on training or service in terms of the Defence Act, 1957, or the Police Act, 1958, is unable to attend classes for the duration of a full-time group release course, or to attend technical classes or follow a correspondence course for at least half an academic year, as the case may be, shall not be required to pursue his studies during that academic year.

(8) An apprentice who attends a full-time group training course in the South African Transport Services' time and is called up for training or service referred to in subclause (7) at short notice and as a result thereof has to discontinue the course, will again be entitled to attend the course during working hours on the basis provided for in subclauses (3) and (4).

4. PAYMENT OF CLASS OR COURSE AND EXAMINATION FEES

(1) The South African Transport Services shall advance to the technical institution concerned the class or course and examination fees payable by an apprentice who—

(a) attends technical classes or takes a correspondence course during normal working hours in terms of clause 3 (3) and (4);

(b) voluntarily elects to attend technical classes or take a correspondence course outside normal working hours in terms of clause 3 (5); or

(c) voluntarily elects to attend technical classes either inside or outside normal working hours in terms of clause 3 (6).

(2) If an apprentice attends technical classes or follows a correspondence course in terms of subclause (1) (b) and (c) in his own time and pays his own class or course and examination fees, the South African Transport Services shall refund him such fees if he passes the examination and produces a certificate relevant to the particular technical qualification.

(3) On receipt of the examination results the class or course and examination fees advanced will be recovered from the remuneration of an apprentice who failed his examinations or failed to write an examination, in equal monthly payments during the subsequent 12 months or portion thereof.

5. TRADE TESTS

(1) An apprentice shall undergo a qualifying trade test, conducted by the Department of Manpower six months before the end of his period of apprenticeship or as soon as possible thereafter in the practice of the trade in which he is indentured.

(2) An apprentice holding the educational qualifications specified in the Schedule hereunder may voluntarily undergo a qualifying trade test after completing the period of apprenticeship specified in the Schedule: Provided that he has completed 85 weeks of practical training, excluding theoretical studies at a technical college, before the relevant trade test is attempted. A further voluntary qualifying test or tests may be undergone on a date or dates to be determined by the Department of Manpower.

(7) 'n Vakleerling wat as gevolg van afwesigheid vir opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, of die Polisiewet, 1958, nie in staat is om tegniese klasse vir die duur van 'n voltydse groeopleidingskursus by te woon of om tegniese klasse by te woon of 'n korrespondensiekursus te volg vir minstens die helfte van 'n akademiese jaar nie, na gelang van die geval, hoef nie gedurende daardie akademiese jaar met sy studies voort te gaan nie.

(8) 'n Vakleerling wat 'n voltydse groeopleidingskursus in die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste se tyd bywoon en op kort kennisgewing vir opleiding of diens soos bedoel in subklousule (7), opgeroep word en as gevolg daarvan nie die kursus kan voltooi nie, kan weer die betrokke kursus gedurende werkure bywoon op die grondslag soos in subklousules (3) en (4) bepaal.

4. BETALING VAN KLAS- OF KURSUS- EN EKSAMENGELDE

(1) Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste moet aan die betrokke tegniese inrigting die klas- of kursus- en eksamengelde voorskiet wat betaalbaar is deur 'n vakleerling wat—

(a) gedurende gewone werkure tegniese klasse bywoon of 'n korrespondensiekursus volg ingevolge klousule 3 (3) en (4);

(b) vrywillig verkies om na gewone werkure tegniese klasse by te woon of 'n korrespondensiekursus te volg ingevolge klousule 3 (5); of

(c) vrywillig verkies om of gedurende of na gewone werkure tegniese klasse by te woon ingevolge klousule 3 (6).

(2) Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste moet aan 'n vakleerling wat ingevolge subklousule (1) (b) en (c) tegniese klasse in sy eie tyd bywoon of 'n korrespondensiekursus in sy eie tyd volg en self die klas- of kursus- en eksamengelde betaal, sodanige gelde terugbetaal as hy in die eksamen slaag en 'n sertifikaat vir die betrokke tegniese kwalifikasie voorlê.

(3) By ontvangs van die eksamensuitslag word die klas- of kursus- en eksamengelde wat voorgeskiet is, van 'n vakleerling wat die eksamen drup of nie afgelê het nie, se besoldiging afgetrek in gelyke maandelikse paaieimente gedurende die daaropvolgende 12 maande of gedeelte daarvan.

5. AMBAGSTOETSE

(1) 'n Vakleerling moet ses maande voor die einde van sy leertyd of so gou moontlik daarna 'n kwalifiserende ambagstoets wat deur die Departement van Mannekrag afgeneem word, aflê in die praktyk van die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(2) 'n Vakleerling met opvoedkundige kwalifikasies soos uiteengesit in die Bylae hieronder vermeld, kan vrywillig 'n kwalifiserende ambagstoets aflê na voltooiing van die leertyd wat in die Bylae gemeld word: Met dien verstande dat hy 85 weke praktiese opleiding, uitgesonderd teoretiese studies aan 'n tegniese kollege, voltooi het voordat sodanige ambagstoets afgelê word. 'n Verdere vrywillige kwalifiserende toets of toetse kan afgelê word op 'n datum of datums wat deur die Departement van Mannekrag bepaal word.

SCHEDULE		BYLAE	
Educational qualifications obtained prior to or during apprenticeship	Provided that 85 weeks' practical training have been completed, a trade test may be voluntarily undergone after—	Opvoedkundige kwalifikasies verworf voor of gedurende vakleerlingskap	Mits 85 weke praktiese opleiding voltooi is kan 'n ambagstoets vrywillig afgele word ná—
GROUP I (i) Standard 9 Certificate or Standard 9 Certificate (Practical) with the relevant trade theory or related trade theory. (ii) Standard 10 Certificate, Senior Certificate, Matriculation Certificate or Standard 10 Certificate (Practical) with a pass in Mathematics. (iii) Standard 10 Certificate, Senior Certificate, Matriculation Certificate or Standard 10 Certificate (Practical) with another trade theory for a trade in the Building or Engineering Industry. (iv) National Technical Certificate, Part III (N3), without trade theory. (v) National Technical Certificate, Part III (N3), with another trade theory for a trade in the Building or Engineering Industry.	3 years	GROEP I (i) Standard 9-sertifikaat of Standard 9-sertifikaat (Prakties), met die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie. (ii) Standard 10-, Senior, Matrikulasiesertifikaat of Standard 10-sertifikaat (Prakties), met Wiskunde as 'n geslaagde vak. (iii) Standard 10-, Senior-, Matrikulasiesertifikaat of Standard 10-sertifikaat (Prakties), met 'n ander ambagsteorie vir 'n ambag in die Bou- of Ingenieursnywerheid. (iv) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (N3), sonder ambagsteorie. (v) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (N3), met 'n ander ambagsteorie vir 'n ambag in die Bou- of Ingenieursnywerheid.	3 jaar
GROUP II (i) Relevant trade theory at National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3), level. (ii) Standard 10 Certificate, Senior Certificate, Matriculation Certificate or Standard 10 Certificate (Practical) with the relevant trade theory or related trade theory, excluding apprentices in the trades Aircraft electrician, Aircraft instrument mechanic, Aircraft mechanic, Aircraft metalworker, Aircraft radiotrician, Communications radiotrician, Electrician (signals) and Electrician (telecommunication), who shall be required to attain the trade theory applicable to the trade in which they are indentured, at National Technical Certificate Part II or III (N2 or N3) level. (iii) (a) National Certificate for Technicians at T1, T2 or T3 level plus the relevant trade theory or related trade theory at National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3) level, or Applied Electricity or Principles of Electricity; or (b) National Technical Certificate, Part IV, V or VI (N4, N5 or N6), plus the relevant trade theory or related trade theory on National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3), level or a pass in Electrotechnics for apprentices in the electrical trades, excluding apprentices in the trades Aircraft electrician, Aircraft instrument mechanic, Aircraft radiotrician, Communications radiotrician, Electrician (signals) and Electrician (telecommunication), who shall be required to attain the relevant trade theory at National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3) level. (iv) (a) National Certificate for Technicians at T1, T2 or T3 level plus the relevant trade theory or a related trade theory on National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3), level or Applied Technology or Workshop Technology; or (b) National Technical Certificate, Part IV, V, or VI (N4, N5 or N6), plus the relevant trade theory or related trade theory at National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3), level, or a pass in Mechanotechnics for apprentices in the Mechanical trades, excluding apprentices in the trades Aircraft mechanic and Aircraft metalworker who shall be required to attain the relevant trade theory at National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3) level.	2½ years	GROEP II (i) Die toepaslike ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3). (ii) Standard 10-, Senior-, Matrikulasiesertifikaat of Standard 10-sertifikaat (Prakties), met die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie, met uitsondering van vakleerlinge in die ambagte Vliegtuig-elektrisiën, Vliegtuiginstrumentwerktuigkundige, Vliegtuigwerktuigkundige, Vliegtuigmetaalwerker, Vliegtuigradiotriësiën, Kommunikasieradiotriësiën, Elektrisiën (sinjale) en Elektrisiën (telekommunikasie) van wie daar vereis word om die ambagsteorie van toepassing op die ambag waarvoor hulle ingeboek is, te verwerf, op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3). (iii) (a) Nasionale Sertifikaat vir Tegnici op die T1-, T2- of T3-peil, plus die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), of Toegepaste Elektrisiteit of Beginsels van Elektrisiteit; of (b) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel IV, V of VI (N4, N5 of N6), plus die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), of Elektrotegniek as 'n geslaagde vak vir vakleerlinge in die elektriese ambagte, met uitsondering van vakleerlinge in die ambagte Vliegtuig-elektrisiën, Vliegtuiginstrumentwerktuigkundige, Vliegtuigradiotriësiën, Kommunikasieradiotriësiën, Elektrisiën (sinjale) en Elektrisiën (telekommunikasie) van wie daar vereis word om in die betrokke ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3) te slaag. (iv) (a) Nasionale Sertifikaat vir Tegnici op die peil van T1, T2 of T3, plus die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), of Toegepaste Tegnologie of Werkplaastegnologie; of (b) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel IV, V of VI (N4, N5 of N6), plus die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), of Meganotegniek as 'n geslaagde vak vir vakleerlinge in die meganiese ambagte met uitsondering van vakleerlinge in die ambagte Vliegtuigwerktuigkundige en Vliegtuigmetaalwerker van wie daar vereis word om in die betrokke ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), te slaag.	2½ jaar

Educational qualifications obtained prior to or during apprenticeship	Provided that 85 weeks' practical training have been completed, a trade test may be voluntarily undergone after—	Opvoedkundige kwalifikasies verwerf voor of gedurende vakleerlingskap	Mits 85 weke praktiese opleiding voltooi is kan 'n ambagstoets vrywillig afgele word ná—
(v) (a) National Certificate for Technicians at T1, T2 or T3 level plus the relevant trade theory or related trade theory on National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3), level, or a pass in Building Construction; or (b) National Technical Certificate, Part IV, V or VI (N4, N5 or N6), plus the relevant trade theory or related trade theory at National Technical Certificate, Part II or III (N2 or N3), level, or a pass in Building and Structural Construction for apprentices in the building trades.		(v) (a) Nasionale Sertifikaat vir Tegnici op die T1-, T2- of T3-peil, plus die betrokke ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), of Boukonstruksie as 'n geslaagde vak; of (b) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel IV, V of VI (N4, N5 of N6), plus die betrokke ambagsteorie of verwante ambagsteorie op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II of III (N2 of N3), of Bou- en Stru- tuurkonstruksie as 'n geslaagde vak vir vakleerlinge in die bou-ambagte.	

(3) A fee as prescribed by the Department of Manpower shall be payable by an apprentice in respect of the second or any subsequent qualifying trade test undertaken on a voluntary basis in terms of this clause.

(4) An apprentice undergoing a trade test in terms of this clause shall in respect of the period spent in connection with one voluntary test and the compulsory test be paid his ordinary remuneration by his employer in respect of such period of absence from work.

(5) A period of absence from work for the purpose of undergoing a trade test shall not be deemed to be absence from work for the purposes of section 21 of the Act.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower.

No. R. 255

11 February 1983

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

HAIRDRESSING TRADE, DURBAN.—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1983, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) and clause 4 in so far as it replaces clause 15 (2) and (3) of the Agreement published under Government Notice R. 2461 of 5 December 1980, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1983, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower.

No. R. 255

11 Februarie 1983

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

HAARKAPPERSBEDRYF, DURBAN.—WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1983 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) en klousule 4 vir sover dit klousule 15 (2) en (3) van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2461 van 5 Desember 1980 vervang, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1983 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekrag.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE HAIRDRESSING TRADE,
DURBAN

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and

The South African Hairdressers' Employees' Industrial Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Hairdressing Trade, Durban,

to amend the Agreement, published under Government Notice R. 2461, dated 5 December 1980, as follows:

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Hairdressing Trade in the municipal area of Durban by all employers and employees who are members of the employers' organisation and the trade union, respectively.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply only in respect of employees for whom wages are prescribed in clause 4: Provided that the Agreement shall, however, apply in respect of apprentices but only in so far as it is not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any contract entered into thereunder or any notice published under section 16 or 17 thereof.

2. CLAUSE 8.—RATIO

Substitute the following for subclause (3):

"(3) The following ratio shall be applied in as far as shampoo employees are concerned:

- One shampoo employee to one qualified hairdresser.
- One shampoo employee to two qualified hairdressers.
- Two shampoo employees to three qualified hairdressers.
- Three shampoo employees to five qualified hairdressers.
- Four shampoo employees to six qualified hairdressers.
- Five shampoo employees to seven qualified hairdressers.
- Six shampoo employees to eight qualified hairdressers.
- Seven shampoo employees to nine qualified hairdressers.
- Eight shampoo employees to 10 qualified hairdressers."

3. CLAUSE 10.—COMPETENCY TEST

In subclause (2) substitute the following for paragraph (a):

"(a) ask the employee to submit himself to an examination, in which case he shall forward to the Council (through the Secretary) the sum of R45; or"

4. CLAUSE 15.—EXPENSES OF THE COUNCIL AND SUBSCRIPTIONS TO THE S.A. HAIRDRESSERS' EMPLOYEES' INDUSTRIAL UNION AND THE NATAL HAIRDRESSING EMPLOYERS' ORGANISATION

Substitute the following for clause 15:

"15. EXPENSES OF THE COUNCIL AND SUBSCRIPTIONS TO THE S.A. HAIRDRESSERS' EMPLOYEES' INDUSTRIAL UNION AND THE S.A. HAIRDRESSERS' AND COSMETOLOGISTS' ASSOCIATION

(1) (a) For the purpose of meeting the expenses of the Council, every employer shall deduct R1 per month from the earnings of each of his employees for whom the minimum wages are prescribed in clause 4 (1) (a) (i) and (ii), (1) (b) (i), (ii) and (iii) and (1) (c).

To the total amount so deducted the employer shall add a like amount and forward the total sum, month by month, and not later than the seventh day of each and every month, to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, in the form prescribed in Annexure A to this Agreement.

(b) Every employer shall deduct 50 cents from the earnings of each of his employees for whom the minimum wages are prescribed in clause 4 (1) (d) (i), (ii) and (iii).

To the total amount so deducted the employer shall add an amount of 25 cents and forward the total sum, month by month, and not later than the seventh day of each and every month, to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, in the form prescribed in Annexure A to this Agreement.

Subclause (1) (a) and (b) shall not apply in respect of apprentices and minors [as referred to in clause 9 (1) (b)].

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HAARKAPPERSBEDRYF,
DURBAN

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangeaan tussen die

South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en

The South African Hairdressers' Employees' Industrial Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Haarkappersbedryf, Durban,

om die Ooreenkoms, gepubliseer by Goewermenskennisgewing R. 2461, gedateer 5 Desember 1980, soos volg te wysig:

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet nagekom word in die Haarkappersbedryf in die munisipale gebied van Durban deur alle werkgewers en werknemers wat onderskeidelik lede van die werkgewersorganisasie en die vakvereniging is.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms slegs van toepassing op werknemers vir wie lone in klousule 4 voorgeskryf word: Met dien verstande egter dat die Ooreenkoms op vakleerlinge van toepassing is, maar slegs in die mate waarin dit nie onbestaanbaar is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of 'n kontrak daarkragtens aangegaan, of 'n kennisgewing ingevolge artikel 16 of 17 daarvan gepubliseer nie.

2. KLOUSULE 8.—GETALSVIRHOUDING

Vervang subklousule (3) deur die volgende:

"(3) Ondergemelde getalsverhouding is van toepassing vir sover dit sjampoewerknemers betref:

- Een sjampoewerknemer tot een gekwalifiseerde haarkapper.
- Een sjampoewerknemer tot twee gekwalifiseerde haarkappers.
- Twee sjampoewerknemers tot drie gekwalifiseerde haarkappers.
- Drie sjampoewerknemers tot vyf gekwalifiseerde haarkappers.
- Vier sjampoewerknemers tot ses gekwalifiseerde haarkappers.
- Vyf sjampoewerknemers tot sewe gekwalifiseerde haarkappers.
- Ses sjampoewerknemers tot agt gekwalifiseerde haarkappers.
- Sewe sjampoewerknemers tot nege gekwalifiseerde haarkappers.
- Agt sjampoewerknemers tot 10 gekwalifiseerde haarkappers."

3. KLOUSULE 10.—VAARDIGHEIDSTOETS

Vervang subklousule (2) (a) deur die volgende:

"(a) die aansoeker versoek om hom aan 'n eksamen te onderwerp, in welke geval hy aan die Raad (deur middel van die Sekretaris) die som van R45 moet stuur; of"

4. KLOUSULE 15.—UITGAWES VAN DIE RAAD EN LEDEGELD VIR DIE S.A. HAIRDRESSERS' EMPLOYEES' INDUSTRIAL UNION EN DIE NATAL HAIRDRESSING EMPLOYERS' ORGANISATION

Vervang klousule 15 deur die volgende:

"15. UITGAWES VAN DIE RAAD EN LEDEGELD VIR DIE S.A. HAIRDRESSERS' EMPLOYEES' INDUSTRIAL UNION EN DIE S.A. HAIRDRESSERS' AND COSMETOLOGISTS' ASSOCIATION

(1) (a) Ten einde die uitgawes van die Raad te bestry, moet elke werk-gewer R1 per maand aftrek van die verdienste van elk van sy werknemers vir wie die minimum loon in klousule 4 (1) (a) (i) en (ii), (1) (b) (i), (ii) en (iii) en (1) (c) voorgeskryf word.

Die werk-gewer moet 'n gelyke bedrag voeg by die totale bedrag aldus afgetrek en die totale bedrag maand vir maand, voor of op die sewende dag van elke maand aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, stuur in die vorm in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf.

(b) Elke werk-gewer moet 50 sent aftrek van die verdienste van elk van sy werknemers vir wie die minimum loon in klousule 4 (1) (d) (i), (ii) en (iii) voorgeskryf word.

Die werk-gewer moet 'n bedrag van 25 sent voeg by die totale bedrag aldus afgetrek en die totale bedrag maand vir maand, voor of op die sewende dag van elke maand aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, stuur in die vorm in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf.

Subklousule (1) (a) en (b) is nie op vakleerlinge en minderjariges [soos in klousule 9 (1) (b) bedoel] van toepassing nie.

(2) Every employer who is a member of the South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association shall, by authority of this Agreement, deduct from the monthly or weekly wage of his employees, other than apprentices, who are members of the trade union the amount of subscriptions payable to such union, and remit same month by month to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, not later than the seventh day of each and every month in the form prescribed in Annexure A to this Agreement.

(3) Every employer who is a member of the South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association shall remit to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, not later than the seventh day of the month, his monthly subscription in advance in the form prescribed in Annexure A to this Agreement."

5. CLAUSE 17.—REGISTRATION OF EMPLOYERS AND EMPLOYEES

Substitute the following for subclause (2) (b):

"(b) An employee for whom wages are prescribed in clause 4 (1) (a) (ii) and (iii), (1) (b) (iii) and (iv), (1) (d) (i), (ii) and (iii) and (1) (e), and an employer, other than an employer referred to in paragraph (a), but who is also actively engaged in his own salon, shall apply for a certificate of registration, Class B, in the form as may be prescribed by the Council, to be issued to him."

Signed at Durban, on behalf of the parties to this Agreement, this 1st day of September 1982.

G. WINTER, Chairman.

H. SHAPIRO, Vice-Chairman.

R. K. BARTRAM, Secretary.

No. R. 256

11 February 1983

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PORT ELIZABETH AND UITENHAGE.—RENEWAL OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notice R. 378 of 5 March 1982, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1983.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower.

No. R. 257

11 February 1983

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PORT ELIZABETH AND UITENHAGE.—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1983, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1983, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are

(2) Elke werkgever wat lid van die South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association is, moet ingevolge hierdie Ooreenkoms die ledegeld betaalbaar aan die vakvereniging aftrek van die maand- of weekloon van sy werknemers, uitgesonderd vakleerlinge, wat lede van die vakvereniging is, en die ledegeld maand vir maand voor of op die sewende dag van elke maand aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, stuur in die vorm in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf.

(3) Elke werkgever wat lid van die South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association is, moet voor of op die sewende dag van die maand sy maandelikse ledegeld vooruit aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, stuur in die vorm in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf."

5. KLOUSULE 17.—REGISTRASIE VAN WERKGEWERS EN WERKNEMERS

Vervang subklousule (2) (b) deur die volgende:

"(b) 'n Werknemer vir wie lone in klousule 4 (1) (a) (ii) en (iii), (1) (b) (iii) en (iv), (1) (d) (i), (ii) en (iii) en (1) (e) voorgeskryf word, en 'n werkgever, uitgesonderd 'n werkgever in paragraaf (a) bedoel, maar wat ook aktief in sy eie salon werksaam is, moet aansoek doen dat 'n registrasiesertifikaat, Klas B, in die vorm soos wat die Raad voorskryf, aan hom uitgereik word."

Namens die partye by hierdie Ooreenkoms op hede die 1ste dag van September 1982 in Durban onderteken.

G. WINTER, Voorsitter.

H. SHAPIRO, Ondervoorsitter.

R. K. BARTRAM, Sekretaris.

No. R. 256

11 Februarie 1983

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BAK- EN BANKETNYWERHEID, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.—HERNUWING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermmentskennisgewing R. 378 van 5 Maart 1982, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1983 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekrag.

No. R. 257

11 Februarie 1983

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BAK- EN BANKETNYWERHEID, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.—WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1983 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1983 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing

engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PORT ELIZABETH AND UITENHAGE AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Port Elizabeth Master Bakers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Operative Bakers', Confectioners' and Conductors' Union, Port Elizabeth and Uitenhage

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Baking and Confectionery Industry, Port Elizabeth and Uitenhage,

to amend the Agreement published under Government Notice R. 378 of 5 March 1982.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Baking and Confectionery Industry—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and all employees who are members of the trade union;

(2) in the municipal areas of Port Elizabeth and Uitenhage.

2. CLAUSE 4.—WAGES

Substitute the following for clause 4 (1):

"(1) No employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following, read with the remaining provisions of this clause:

	Per week
	R
Foreman	95,50
Confectioner/baker	58,00
Doughmaker/ovenman	53,00
Assistant baker/confectioner	52,50
General assistant:	
First year	39,00
Second year	43,50
Third year	47,50
Fourth year	51,00
General worker	42,00
Despatch clerk	65,50
Packer	42,50
Driver-salesman	65,00
Van assistant	43,50
Watchman	53,00."

3. CLAUSE 7.—HOURS OF WORK

(a) Delete subclause (1) (d).

(b) Substitute the following for subclause (2):

"(2) Notwithstanding the provisions of subclauses (1) and (4) and save as is provided in clause 8, an employer may require or permit an employee to work overtime for a total period not exceeding in any one week—

(a) 10 hours; or

(b) a number of hours (which may exceed 10) fixed by the Council by notice in writing to the employer, specifying the employee, or the class of employee in respect of whom the notice is applicable, and the period for which and the conditions under which it shall be valid."

Signed on behalf of the parties this 3d day of June 1982.

A. J. OVERGOOR, Chairman.

W. RAMASAMY, Vice-Chairman.

D. H. BOTHA, Secretary.

No. R. 263

11 February 1983

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

ELECTRICAL INDUSTRY (NATAL).—AMENDMENT OF MEDICAL AID FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the

wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in kousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BAK- EN BANKETNYWERHEID, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE OOREENKOMS

ingevoelge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Port Elizabeth Master Bakers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Operative Bakers', Confectioners' and Conductors' Union, Port Elizabeth and Uitenhage

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bak- en Banketnywerheid, Port Elizabeth en Uitenhage,

om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 378 van 5 Maart 1982, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Bak- en Banketnywerheid nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

(2) in die munisipale gebiede van Port Elizabeth en Uitenhage.

2. KLOUSULE 4.—LONE

Vervang kousule 4 (1) deur die volgende:

"(1) Geen loon wat laer is as die volgende, gelees saam met die ander bepalings van hierdie kousule, mag deur 'n werkgewer betaal en deur 'n werknemer aangeneem word nie:

	Per week
	R
Voorman	95,50
Banketbakker/bakker	58,00
Deegaanmaker/oondman	53,00
Assistent-bakker-banketbakker	52,50
Algemene assistent:	
Eerste jaar	39,00
Tweede jaar	43,50
Derde jaar	47,50
Vierde jaar	51,00
Algemene werker	42,00
Versendingsklerk	65,50
Verpakker	42,50
Drywer-verkoper	65,00
Bestelwa-assistent	43,50
Wag	53,00."

3. KLOUSULE 7.—WERKURE

(a) Skrap subkousule (1) (d).

(b) Vervang subkousule (2) deur die volgende:

"(2) Ondanks subkousules (1) en (4) en behoudens kousule (8), kan 'n werkgewer van 'n werknemer vereis of hom toelaat om in 'n bepaalde week oortyd te werk vir 'n totale tydperk van hoogstens—

(a) 10 uur; of

(b) 'n getal ure (wat meer as 10 mag wees) wat die Raad vasgestel het in 'n skriftelike kennisgewing aan die werkgewer, waarin die werknemer of die klas werknemer ten opsigte van wie die kennisgewing van toepassing is en die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop dit geldig is, gespesifiseer word."

Namens die partye op hede die 3de dag van Junie 1982 onderteken.

A. J. OVERGOOR, Voorsitter.

W. RAMASAMY, Ondervoorsitter.

D. H. BOTHA, Sekretaris.

No. R. 263

11 Februarie 1983

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

ELEKTROTEGNIJSE NYWERHEID (NATAL).—WYSIGING VAN MEDIJSE HULPFONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die

Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 2 January 1984, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL INDUSTRY (NATAL)

MEDICAL AID FUND AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Electrical Engineering and Allied Industries Association
and the

Radio, Appliance and Television Association of South Africa
and the

Electrical Contractors' Association (South Africa)
and the

Electronics and Telecommunications Industries Association
(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), of the one part, and the

South African Electrical Workers' Association
and the

Amalgamated Engineering Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Electrical Industry (Natal), to amend the Medical Aid Fund Agreement, published under Government Notice R. 1824 of 18 November 1966, as amended and extended by Government Notices R. 1877 of 24 November 1967, R. 1850 of 11 October 1968, R. 2346 of 20 December 1968, R. 740 of 9 May 1969, R. 1703 of 9 October 1970, R. 2342 of 31 December 1970, R. 1368 of 13 August 1971, R. 2340 of 7 December 1973, R. 1799 of 26 September 1975, R. 2291 of 5 December 1975, R. 2424 of 10 December 1976, R. 193 of 3 February 1978, R. 2474 of 15 December 1978, R. 480 of 16 March 1979, R. 1144 of 6 June 1980 and R. 296 of 19 February 1982.

2. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) Except as otherwise provided in this clause, the terms of this Agreement shall apply to and be observed in the Electrical Industry, Natal, by all employers and employees who are members of the employers' organisations and trade unions respectively and, who are engaged or employed respectively—

(a) in the Magisterial Districts of Alfred, Babanango, Bergville, Camperdown, Dannhauser, Dundee, Durban, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Hlabisa, Impendle, Inanda, Ingwavuma, Ixopo, Klip River, Kranskop, Lions River, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mahlabatini, Mapamulo, Mooi River, Msinga, Mtonjaneni, Mtunzini, Ndwedwe, Newcastle, New Hanover, Ngotshe, Nkandla, Nongoma, Nqutu, Paulpietersburg, Pietermaritzburg, Pinetown, Polela, Port Shepstone, Richmond, Ubombo, Umbumbulu, Umvoti, Umzinto, Underberg, Utrecht, Vryheid and Weenen, but excluding any portions of those Magisterial Districts falling within the selfgoverning territory of KwaZulu in terms of Proclamation R. 11, 1977, which appeared in the *Government Gazette* of 28 January 1977, in the operations set forth in paragraphs (a), (b) and (c) of the definition of "Electrical Industry" in clause 3;

(b) in the operations set forth in paragraph (d) of the definition of "Electrical Industry" in clause 3 of this Agreement in the Province of Natal.

(2) The terms of this Agreement shall not apply to employers and their employees who are participants with the employer in any scheme providing medical benefits in existence on 3 January 1966, to which the employer concerned contributes not less than 45 cents per week for each employee who is a member of the scheme and otherwise covered by this Agreement whilst such scheme continues to operate and the said employer and employees continue as participants in the scheme and the employer continues to pay a contribution of not less than 45 cents for each such employee per week.

(3) Notwithstanding the provisions of subclause (2), the terms of this Agreement shall apply to employers and employees in respect of any employee who is not covered by, or ceases to be covered by, a fund or scheme referred to in that subclause.

Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 Januarie 1984 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIËSE NYWERHEID (NATAL)

MEDIËSE HULPFONDSOOREENKOMS

ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Electrical Engineering and Allied Industries Association
en die

Radio, Appliance and Television Association of South Africa
en die

Electrical Contractors' Association (South Africa)
en die

Electronics and Telecommunications Industries Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

South African Electrical Workers' Association
en die

Amalgamated Engineering Union

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

